DIE HUISGESIN VAN GOD

DIE HUISGESIN VAN GOD VERRYK MEKAAR
4 Junie 2006, Ds Freddie Schoeman

Besig met 'n reeks oor die huisgesin van God en ons fokus op ons verhouding met mekaar.

Tot dusver het ons gekyk na drie aspekte van ons verhouding met mekaar.

- ☐ Fondament van ons verhouding met mekaar: genade. Wanneer ons mekaar vergewe
- ☐ Konteks van ons verhouding met mekaar: gemeenskap. Wanneer ons mekaar versorg
- ☐ Kern van ons verhouding met mekaar: gebed. Wanneer ons mekaar verstrek deur gesamentlike aanbidding en voorbidding.

Vandag (vierde aspek): potensiaal van ons verhouding met mekaar: groei. Wanneer ons mekaar verryk.

Tema: Die huisgesin van God verryk mekaar.

Rom 12; 1 Kor 12

Wat sê hierdie skrifgedeeltes?

Daar is in elkeen van ons as kinders van God 'n geweldige groot ***rykdom*** *geleë.*

- ☐ Fisiese geboorte: sien, hoor, smaak, reuk, voel. Ook: talente, vermoëns (in gene) - later: kennis / vaardighede. Gawe van lewe self. Alle mense het dit / kry dit.

- ☐ Geestelike geboorte (deur die Gees weergebore word): ewige lewe, Gees, gawes van die Gees. Geskenke.

Sien die rykdom?

Wat is die implikasies van hierdie rykdom?

Elkeen van ons is waardevol. Ons is vol waarde. Ryk aan waarde. Almal begaafd! Baie mense gaan gebuk onder 'n lae selfbeeld. Hulle voel "minderwaardig". Dis nie nodig nie. Dis twak! Dis 'n leuen!

As jy 'n kind van God is - dan het die Here 'n klomp waarde in jou lewe ingebou in die vorm van gawes.

Ons kan amper sê die Here het in jou belê! Jy belê mos geld in 'n maatskappy deur aandele te koop omdat jy dink dat daardie maatskappy onderliggende waarde het en dat jou belegging sal vrug dra.

So kom die Here en Hy belê in ons deur vir ons geestelike geskenke te gee omdat Hy meen dat ons waarde het en dat die geskenke gaan vrug dra in die koninkryk.

Ons is waardevol. Omdat ons waardevol (vol waarde) is, kan ons waarde toevoeg aan ander! Nie net waardevol insigself / opsigself nie - maar ons is ook nuttig. Die Bybel sê ons is meer as net nuttig. Ons is ook nodig in die liggaam van Christus, die gemeente.

Dit wil sê: dit is nie net goed en gaaf as ons ons gawes aanwend nie; dis nodig dat ons dit doen! Wanneer ons nie ons gawes / rykdom aanwend nie, dan is daar 'n leemte, gebrek van 'n aard. Dan is die res van ons ***armer***

Ons moet ons rykdom deel - anders is dit nutteloos. Die soort rykdom wat die Here ons gee kan ons nie spaar of opgaar nie. As ons dit nie gebruik nie gaan die verlore / gaan dit tot niet.

Dit is seker een van die grootste tragedies wat op die oomblik gebeur in die kerk: gelowiges, kinders van die Here, wat nie hulle rykdom deel nie. Mense wat sterf sonder dat hulle waarde aan ander toegevoeg het uit die rykdom wat hulle ontvang het.

Die man met die viole!

HUWELIK

---ooo---000---ooo---

Ons moet mekaar verryk. Hoe? Om mekaar te kan verryk moet ons drie dinge doen:

Om dit te kan doen moet ons drie dinge doen: ontdek, ontwikkel, gebruik.

1. Ontdek

Ons moet *ingelig* wees (1 Kor 12:1). Toelê. (1 Kor 14:1)

Hoe? Ondersoek en eksperimenteer.

- ☐ Ondersoek: in my dienswerk sover ... wat het ek geniet, wat het God geseën, wat het 'n impak gehad op ander, wat was die resultate tot dusver? (Bevrediging, genoegdoening)

- ☐ Eksperimenteer: moenie wag om jou gawe te ontdek nie - begin dien en kyk dan - evalueer jou ervaring.

2. Ontwikkel

Bevredigend en genoegdoening beteken nie dis altyd maklik nie. Aan die begin is dit dikwels moeilik en jy voel uit jou diepte. Volhard. Leer vaardighede aan. Doen kennis op. (Bv. bemoediging / berading).

3. Gebruik dit

> [10] *As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien.* (1 Pet 4:10)

Die verhaal in Matt 25 - punt van die verhaal: ons gaan almal eendag voor Jesus staan (Hy met die spykermerke in sy hande en die spieswond in sy sy) en dan gaan Hy vir ons vra: "Wat het jy gedoen met dit wat Ek jou gegee het." Vraag: wat gaan jou antwoord wees? Wanneer jy geantwoord het, wat gaan Jesus

Watter verskoning gebruik jy op die oomblik? Hoekom is jy nie diensbaar in die gemeente nie? ...

En nou: hoe gaan dit klink daardie dag as jy voor Jesus staan?